Kleuterskool heropgerig

'n HANDEVAT-PROJEK van Cargo of Dreams, 'n inisiatief van kerkgemeentes in Suid-Afrika en Amerika, sal eersdaags groot verandering in die lewens van kinders in Mbekweni bring.

Marius van der Colff van Cargo of Dreams is besig met dié projek waar verskepingshouers omskep word in klaskamers, toilette en 'n kombuis.

Die installering van die eerste houers gaan vanaf 23 Julie plaasvind by die Langabuya kleuterskool in Mbekweni, en daarna volg nege ander kleuterskole se opknapping.

Lidmate van die Paarlberg NG gemeente en 'n manspan vanaf die Coast Hilles Community Chruch in Kalifornië gaan betrokke wees by die installeringsproses.

Voorbereidingswerk is tans aan die gang om die perseel gereed te kry vir die installering van die houers.

Dit behels om die informele struktuur waarin die kinders skoolgaan af te breek en die grond voor te berei vir die houers wat daarop geplaas moet word.

Die houers word van die VSA verskeep en deur 'n gemeente in ontvangs geneem om op die créche se perseel geïnstalleer te word.

Hulle gaan twee houers ontvang - 'n 12 meter houer wat omskep is in 'n klaskamer en 'n 6 meter houer wat omskep is in toilette en 'n kombuis.

Die houers is deur 'n gemeente in Kalifornië (VSA) gebou en het onlangs in Suid-Afrika aangekom.

Daar was in totaal 627 individue by die bouwerk betrokke - individue wat fisies self aan die houers gewerk het of bydraes gelewer het.

Lidmate van die Paarlberg NG gemeente besig met voorbereidingswerk.